



Die Rietfluit

JAARTEMA:

Saam met Jesus...

Junie 2019

Liewe lidmaat

WANNEER IS MENS 'N LIDMAAT VAN 'N GEMEENTE?

Is dit: 1. Wanneer jy aan 'n selgroep behoort? 2. Wanneer jy Sondag kerk toe kom? 3. Wanneer jy die pastoor ontmoet? 4. Wanneer jy tuis voel? 5. Wanneer jy vir die basaar werk?



Daar is verskeie soorte lidmaatskap by verskillende plekke, maar die een waarmee ons dit meer gereeld assosieer is om lid te wees van iets soos 'n tennisklub of gholfklub. Jy is lid hiervan wanneer jy aansluit en jou jaarlikse fooi betaal. Wanneer jy ophou betaal, is jy nie meer lid nie. **Die klub verwag ook geen teenprestasie van jou kant af nie.** Het iemand al ooit 'n e-pos van 'n gholfklub gekry waarin hulle jou aanspreek dat jy hierdie jaar al bietjie min gholf gespeel het!?

Daar is waarskynlik van jou as lid se kant wel 'n verwagte teenprestasie. Jy verwag minstens dat die klub die geriewe in stand sal hou en aan jou goeie diens sal lewe wanneer jy wel besluit om te gaan speel.

Kom ons spring terug na lidmaatskap van 'n kerk toe. Die denke oor lidmaatskap wat gebore is uit 'n verbruiker-diensverskaffer-raamwerk bring ons gou in die moeilikheid.

Ons Visie: **Deur Christus-liefde gee ons vir almal om**

Eerstens is daar geen afdwingbare finansiële vereiste vir deelwees van kerk nie – dis vrywillig. Jy word ook nie op grond daarvan uitgesluit nie.

Tweedens is die doel van kerk nie om jou 'n verbruiker te maak van spiritualiteit nie, maar eerder 'n 'producer' van God se liefde in jou wêreld. Wanneer gemeentes wel in hierdie tipe denke verval, geld die volgende waarskynlik: **“If you treat a congregation as customers rather participants, you will end up creating consumers rather than disciples”.**

En derdens is kerk nie 'n span betaalde personeel wat 'n klomp kliënte diens nie, maar 'n community van mense wat 'n gemeenskaplike oortuiging deel, daaruit leef en hulself gee vir wedersydse verhoudings (anders is dit bloot virtueel).

Lidmaatskap van 'n gemeente is veel meer 'n kwessie van **assosiasie en deelname**. Assosieer jy met die gemeente se visie? Belyn jy jou lewe daarmee op só wyse dat dit oorgaan tot aksie? Is jy deel van die publieke / sosiale/ persoonlike community in en vanuit die gemeente? Dan is dit waarskynlik waar wat Joseph Myers sê: “Belonging is in the eye of the beholder”. Dit lyk vir my jy besluit sêlf of jy op die regte wyse 'n lidmaat wil wees!

(die oorspronklike dokument by <http://www.sg.org.za/gemeentestemme-lidmaatskap/> is aangepas)

Ds. L Tait

BOOMSLOPING & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

---- DATUMS VAN BELANG ----

- ◆ **3 - 7 Junie:** Pinksterdienste
- ◆ **9 Junie:** Nagmaal en Pinksteroffer
- ◆ **9 Junie:** Youthbash om 18:00
- ◆ **14 Junie:** Skole Sluit
- ◆ **17 Junie:** Openbare Vakansiedag
- ◆ **9 Julie:** Skole Open
- ◆ **28 Julie:** Afskop: 40 Dae Reeks om 9:00 & Youthbash om 18:00

Sien jou daar!

Helpende Hand



Give your hands to serve
and your hearts to love.

Bydrae vir Jeugwerkerkursus

'n Jong man van ons gemeente is entoesiasies om as Jeugwerker te studeer, maar benodig fondse vir die klagseld. Dis deelydse studies vir 2 jaar.

Enige bydra sal baie wardeer word.

Merk koevert of EFT betaling as "Jeugwerkkursus" asb.

Vir meer info kontak Ds. Leon TaiT.


When the enemy comes in like a flood,
the Spirit of the Lord will lift up a standard
against him.

Isaiah 59:19 NKJV



Christelike Apps

Die meeste van ons het almal slimfone en daar is duisende oulike apps wat 'n mens kan aflaai vanaf die Google Play winkel. Hier is so 'n paar wat ek gekry het:



Sondagskool of Selgroepe:



Die app is ideaal om kinders, tieners, jong volwassenes en selfs volwassenes te leer oor die Bybel. Aan die einde van elke storie word die toepaslike Bybel versies gelys.



Bybel Vasvra

DXN Tech Education



This app is compatible with some of your devices.

Die doelstellings van die Bybelvasvra is juis die bevordering van die jeug se liefde vir die Bybel en Bybel-studie, die bevordering van hul kennis en hanteringsvermoë van die Bybel, asook die bevordering van hul kommunikasie- en samewerkingsvermoë.

Gebed:



Powerful Bible Prayers

Xovato Books & Reference



Contains Ads

This app is compatible with all of your devices.

Add to Wishlist



Daily prayers our daily bread devotional for today

Zinnwaldite Tuxedo Tools

★★★★★ 1,030



Contains Ads

This app is compatible with all of your devices.

Bybelstudie:



Bible - My Daily Devotional & Daily Verse

iDailybread.org Books & Reference

★★★★★ 16,520



Contains Ads

This app is compatible with all of your devices.



Ons Glo

Bybel-Media Education



This app is compatible with all of your devices.

Add to Wishlist



Bible Studies in Depth

Bible Studies, Embarazo y Dietas Free Libres Books & Reference



Contains Ads

This app is compatible with all of your devices.

Add to Wishlist



Healing scriptures and verses- Healing Verses Free

Watchdis Prayers Books & Reference

★★★★★ 1.5



Contains Ads

This app is compatible with all of your devices.

This app has a collection of healing verses which are all promises we have as believers in the

body of Christ. Over 200 healing Verses put on images for daily use. There is also healing prayers that are constantly being added to the application.

SOEK GOD SE AANGESIG

*Ek het my wil geopenbaar aan 'n volk
wat nie na My gevra het nie. Ek het My laat vind
deur mense wat my nie in die gebed gesoek het nie.*

Jesaja 65:1

Wanneer 'n ramp mense skielik tref, word die uitroep dikwels gehoor: "Waarom het God dit toegelaat?"

Wanneer ons noukeurig na hierdie tragedies en rampe kyk, sal ons vind dat die menslike element in elkeen van hulle te voorskyn kom. Jy sal onverskilligheid, hebsug en soeke na status vind saam met al die ander dinge wat meewerk om rampsoedige situasies te skep.

Veral in hierdie onstuimige tye is daar 'n desperaatheid om in gebed na God te draai vir sy leiding. Dis deur God met opregtheid te soek - nie deur Hom te blameer nie - en Hom dan te gehoorsaam dat ons ons deel sal doen om die wêreld 'n beter plek te maak.

Hemelse Vader, hoor tog my gebede sodat ek u gebooie sal onderhou en u Naam sal grootmaak. Amen.

Ozrovech S. (2008) Genade vir elke Oomblik,
Christian Art Gifts RSA, bl. 26 Mei



OMGEE-BEDIENING

KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.



Dit is die bediening wat die **omgeegroepes** ondersteun en organiseer.

Omgeegroepes is in hierdie gemeente die primêre "voertuig" van bediening en versorging!

- © As jy oorweeg om by 'n omgeegroep in te skakel kontak vir Tom Rademeyer by 0823729803.
- © Indien jy kans sien om as 'n omgeegroep-leier opgelei te word kontak

Die doel van die karwas is om vir werklose persone geleentheid te bied om iets te verdien asook dat jy persoonlike met hulle kan kontak hê. Die mark se doel is om persone uit die gemeenskap geleentheid te bied om inkomste of ekstra -inkomste te kan verdien. Veral aanvulling van pensioene.

Die stalletjies is gratis. Almal is welkom!



Prayer Works

Don't worry about anything; instead, pray about everything. Tell God what you need, and thank him for all he has done. Then you will experience God's peace, which exceeds anything we can understand. His peace will guard your hearts and minds as you live in Christ Jesus.

Philippians 4:6-7

Dear Lord,
Your peace will overflow in my life as I give it all to you.

THE PEACE OF HEAVEN

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.

Kontak nommer is 0721113100